50

Thys en Raaisie Vermeulen

Stilhouplekke langs die pad van die lewe is noodsaaklik, ook vir 'n gemeente, want daar word ons weer verfris vir die res van die reis.

Waterkloof is 50 jaar. By hierdie feesgeleentheid wil ons saam met julle vir 'n oomblik stilstaan en dink aan die hele pad waarlangs die Here ons vir 50 jaar gelei het (Deut. 8:2a).

In die bestaan van 'n gemeente is 50 jaar maar 'n kort tydjie. Tog het Waterkloof reeds diep spore getrap in die Koninkryk van God.

Ek en Raaisie was bevoorreg om sewentien jaar die pad saam met julle te stap. Ons het 'n gemeente gevind met mooi kinders van die Here. Lidmate wat bereid was om saam te werk, te gee en te dien. Ons dink aan die tye toe ons saam gelag het en soms ook saam gehuil het. Toe ons kon deel in mekaar se talente, maar ook toe ons mekaar se swakhede kon verdra. Daar was suksesse en mislukkings. Dit was 'n pad waarlangs die Here ons gelei het (vers 26). Daarom kan ons nou terugkyk op 50 genadejare.

Daar is 'n paar herinneringe – diep spore – wat uitstaan:

Daar was die wonderlike samewerking met twee mede-leraars. Johnnie vir 'n kort rukkie en Danie vir twaalf jaar. Elkeen het 'n eiesoortige bedieningstyl gehad en so het ons mekaar aangevul. Voor Danie en Beatrix se koms het ons vir twee jaar alleen gewerk in die groot gemeente om so te help om die opgehoopte skuld te delg. Ons onthou die mooi gesindheid en waardering van die gemeente gedurende daardie tyd.

Die jongmense was tops. Die staptoere met ons geestelike gesprekke en Bybelstudie was 'n heerlike belewenis. Ek onthou ook die keer toe ons met Matt Matthysen se vragmotor na die Drakensberge gery het. Dit was groot pret om soos sardiens kop en punt in die bak te slaap. Die sendingwerk in Kgapane was 'n besonder geseënde uitreik-aksie – 'n bewys van die gemeente se offervaardigheid.



Ons gebed is nou dat die Here ook die huidige bloeityd in die gemeente sal seën.

Ons kyk saam met julle vorentoe. Ons glo dat die belofte van die seënryke toekoms in Deut. 8:7-10 waar sal wees vir die gemeente Waterkloof.

— Thys Vermeulen

Dit was 'n voorreg om vir sewentien van die 50 jaar deel te wees van die susters van Waterkloofgemeente. Reeds met die intrapslag toe hulle die naweek met ons ontvangs op gasvrye wyse vir ons gesorg het, het ons geweet: ons sal lekker kan saamwerk!

Die wyksbyeenkomste wat maandeliks onder leiding van gewillige leidsters gehou is, was 'n geleentheid om rondom die Bybel geestelik versterk te word, mekaar beter te leer ken en almal te betrek.

Met entoesiasme is saamgewerk op die diensterreine van die kerk. Huis Sering (Abraham Kriel Kinderhuis Nystroom) is as besondere projek aanvaar. Met groot opgewondenheid is nuwe gordyne, beddekens, handdoeke en ander verfraaiings aan die huis vir dogters voorsien. Daar is gereeld wyksgewys beskuit en koekies gestuur. Van tyd tot tyd het die dogters vir die naweek in die gemeente kom kuier. 'n Besondere geleentheid vir die kinders.

Huis H.J. Piek en Princess Christian-tehuis se inwoners is gereeld besoek en jaarliks bederf met 'n oggendtee en kersete. Ander senior lidmate in die gemeente word ook later jaarliks op 'n gesellige middagete aan huis van Jan en Marianna de Villiers getrakteer.

Die idee van 'n gemeentekamp kom ter sprake. Die kerkraad gee die groen lig en die eerste kamp is gehou by Buffelspoort (met Kobus van Rooyen as kampleier).

Fondse was maar altyd nodig. Behalwe gesellige etes word daar weer kermis gehou. Nogal met 'n wynveiling!

Ek het mooi herinneringe aan ons tyd saam in die gemeente en is dankbaar om saam met Magda en Beatrix as mede-predikantsvroue te kon saamwerk.

Mag die lig van Waterkloof-gemeente nog lank en helder brand!

— Raaisie Vermeulen